THE SOUTH AFRICAN MINIATURE HORSE BREEDERS' SOCIETY NEWSLETTER 2 / 4 2017.

NORMALE FISIOLOGIESE RIGLYNE VIR DIE PASGEBORE MINIATUURPERDVUL

ASEMHALING

Die vul behoort 'n paar sekondes na geboorte te begin asemhaal. (Aan die begin stadig en onreëlmatig). Die 1e 30 minute: ongveeer 60 – 80 asemteue per minuut; 1 tot 12 uur na geboorte: ongeveer 30 – 40 asemteue per minuut. Indien die vul nie asemhaal nie of snak na asem, dui dit op 'n gebrek aan suurstof. Maak seker die vul se neusgate is skoon en sonder mukus.

HARTKLOP

1 tot 5 minute na geboorte: 60 of meer per minuut; 6 tot 60 minute na geboorte: 80 tot 130 per minuut; dag 1 tot 5: 80 tot 120 per minuut. Meer as 120 per minuut word as abnormaal beskou. 'n Baie stadige of baie vinnige hartklop direk na geboorte kan op komplikasies dui.

TEMPERATUUR

Die temperatuur van die pasgebore vul kan val na 37 ^{o}C direk na geboorte. Dit behoort egter normaal (37.2 tot 38.3^{o}C) binne 'n uur na geboorte te wees.

STAANDE POSISIE

Die vul behoort sy kop te lig, dan op sy borsbeen te rus en dan te probeer staan. Die vul behoort ongeveer 'n halfuur na 2 ure na geboorte op sy eie te kan staan. Indien die vul na 2 ure nog nie staan nie, word dit as abnormaal beskou. Die vul is dus te swak om op te staan agv infeksie, 'n moeilike geboorte of ander redes.

SUIG REFLEKS

Die pasgebore vul behoort 2 tot 20 minute na geboorte te kan begin suig. Hierde refleks kan gestimuleer word deur 'n vinger in sy bek te plaas.

DRINK

Binne ongeveer 1 uur behoort die vul na die merrie se uier te begin soek. Binne 2 tot 3 ure na geboorte behoort die vul te begin drink aan die merrie. Langer as 3 tot 4 ure word as abnormaal beskou. Die inname van kolustrum (die eerste geel melk van die merrie) beteken vir die vul die verskil tussen lewe en dood. Dit bevat al die teen-liggaampies wat die pasgebore vul benodig. Die

merrie produseer slegs kolostrum gedurende die eerste 24 tot 48 uur na sy gevul het. Dit neem tussen 2 tot 4 maande vir die vul om sy eie teen-liggaampies te begin produseer.

URINERING

Die normale riglyn is binne 9 ure na geboorte. Hingsvullens mag soms gouer as merrievullens urineer.

EERSTE STOELGANG

Die eerste stoelgang ('n groenerige swart kleur) behoort binne 3 tot 5 ure na geboorte plaas te vind. Na 24 uur sal die stoelgang 'n geel kleur hê, wat aandui dat die vul melk gedrink het en dit deur sy sisteem beweeg het.

Bostaande is slegs riglyne om aan te toon wat as normaal beskou kan word. Hierdie riglyne sal wissel van individuele vul tot individuele vul. Pasgebore vullens kan vining probleme ontwikkel. Moenie te lank wag om hulp in te roep nie. Vullens word met 'n klein reserwe energie gebore. Hulle mag normaal voorkom, maar as daar 'n probleem is, sal hulle gou tekens van nood toon. Die eerste 3 tot 5 dae is 'n kritiese tydperk vir die nuwe vul. Hou die vul dus aandagtig dop. Die geboorte van 'n nuwe vul is 'n opwindende gebeurtenis vir die eienaar. Probeer egter om nie die merrie en vul onnodig te steur nie aangesien dit ook die tyd is waarin die band tussen die merrie en vul ontwikkel word.

(Marina van der Merwe)

Bronne:

1. Miniature Horses – Their Care, Breeding and Coat Colors – Barbara Naviaux
2. So You're Expecting a Foal – Toni M. Leland
3. Horse Breeding – Peter Rossdale
4. The Horse – Breeding & Youngstock – Julie Brega

SA MINIATUURPERDE BY NAMPO

Vanaf 16 tot 19 Mei 2017 het die SA Miniatuurperde se uitstalling weer plaasgevind by die jaarlikse Nampo Oesdag te Bothaville. Vooraf is die stalletjie bietjie opgegradeer met 'n nuwe laag verf. Baie moeite is gedoen met die versiering van die stalletjie. Die Bar-Rey Miniatuurperd Stoet van Barbara en Dries Reynecke het vanjaar hul perde uitgestal. Groot getalle besoekers het die uitstalling daagliks besoek. Talle mense het die ras bewonder en kon nie genoeg kry van die perdjies nie. Daar is telerslyste uitgedeel aan belangstellendes. Die persone aan diens moes bontstaan om al die vrae te beantwoord. Daar is elke middag 'n vertoning gehou om ons ras bekend te stel. Hier het Christene Abadi geskitter met 'n puik vertoning van dubbeltuig dryf. Die twee eenderse reunperdjies, Marialta Champagne's Bacardi en Vygeboom Coco, was groot gunstelinge onder die toeskouers. Baie dankie aan Barbara Reyneke, Dries Reyneke, Christene Abadi, Evi van Dyk, Andre van Dyk, Johan van den Bergh, Chris van der Merwe en Marina van der Merwe vir harde werk om weereens die Miniature se naam hoog te hou.

FEEDBACK NATIONALS AT BLOEMFONTEIN

Nationals were hosted in Bloemfontein this year. 13 Breeders entered 53 horses in 66 breed class entries and 57 utility classes. The full results are available on the web site. The Championship results are as follows.

KAMPIOENSKAPPE / CHAMPIONSHIPS

Klas / Class 33 : KAMPIOEN MERRIEVUL / CHAMPION FILLY

Kampioen / Champion **Hart-E Lilli Marlene**

Hart-E Stud – Coralezet Erasmus

Res Kampioen / Champion **QTipi Simply Spectacular Lady Ame**

QTipie Miniatures – Gerda Fourie

Klas / Class 34 : KAMPIOEN HINGSVUL / CHAMPION COLT

Kampioen / Champion **QTipie Clever Kinda Boy**

QTipie Miniatures – Gerda Fourie

Res Kampioen / Champion **DeMac Thunder of Tornado**

DeMac – Deon & Machel van Niekerk

Klas / Class 35 : JUNIOR KAMPIOEN MERRIE / JUNIOR CHAMPION MARE

Kampioen / Champion **MMC Impressive Snow Queen**

Magnificent Miniature Creation – Marina van der Merwe

Res Kampioen / Champion **La-Petite Deago's Delight**

La-Petite Miniatures – Darell & Arina Petit

Klas / Class 36 : JUNIOR KAMPIOEN HINGS / JUNIOR CHAMPION STALLION

Kampioen / Champion **MMC ZF Rico**

Magnificent Miniature Creation – Marina van der Merwe

Res Kampioen / Champion **MMC Bucks Lucky Luke**

Magnificent Miniature Creation – Marina van der Merwe

Klas / Class 37 : SENIOR KAMPIOEN MERRIE / SENIOR CHAMPION MARE

Kampioen **MMC Impressive Foxtrot**

Magnificent Miniature Creation – Marina van der Merwe

Res Kampioen **Hart-E Endeavour**

Hart-E Stud – Coralezet Erasmus

Klas / Class 38 : SENIOR KAMPIOEN HINGS / SENIOR CHAMPION STALLION

Kampioen **MMC I've Been Spotted**

Bar-Rey Feedlots – Barbara Reynecke

Res Kampioen **Hart E Deago**

Klas / Class 39 : KAMPIOEN REUNPERD / CHAMPION GELDING

Kampioen **La Nonnie DK Robin**

Bar-Rey Feedlots – Barbara Reynecke

Res Kampioen **Marialta Champagne's Barcardi**

Bar-Rey Feedlots – Barbara Reynecke

Klas / Class 40 : GROOTKAMPIOEN MERRIE / GRANDCHAMPION MARE

Kampioen **MMC Impressive Snow Queen**

Magnificent Miniature Creation – Marina van der Merwe

Res Kampioen **Hart-E Lilli Marlene**

Hart-E Stud – Coralezet Erasmus

Klas / Class 41 : GROOTKAMPIOEN HINGS / GRANDCHAMPION STALLION

Kampioen **MMC I've Been Spotted**

Bar-Rey Feedlots – Barbara Reynecke

Res Kampioen **QTipie Clever Kinda Boy**

QTipie Miniatures – Gerda Fourie

Klas / Class 37 : OPPERSTE KAMPIOEN MINIATUURPERD /

SUPREME CHAMPION MINIATURE HORSE

Kampioen ***MMC I've Been Spotted***

Bar-Rey Feedlots – Barbara Reynecke

Res Kampioen ***MMC Impressive Snow Queen***

Magnificent Miniature Creation – Marina van der Merwe

FEEDBACK NATIONAL AUCTION – BETHLEHEM.

The National auction was held in Bethlehem for the 5th time. 49 horses were entered. 15 Stallions, 35 breed mares and a gelding. Interest was limited and many horses were unsold. 8 stallions were sold at an average price of R8062, 11 mares at an average price of R11 000. The turnover was R196 500. Abrie Beukes was sorely missed on this occasion as he has for many years championed this event.

HULDEBLYK ABRIE BEUKUS: 29 April 1946 – 12 Mei 2017

Dood in die familie bring tog maar altyd iets positief uit die hartseer. Ek wil 'n stukkie aanhaal vanuit die boek " Tuesdays with Morrie" deur Mitch Albom wat sê " The Dash - Between Your Years"
1931 - 2017 …….. Die jare is irrelevant, dit is die "dash" tussen die syfers wat belangrik is.
Dit is waar Abrie se goud gelê het. Dit is daar waar hy 'n impak gemaak het in almal wat die voorreg gehad het om hom as mens te ken.

In hierdie "dash" periode lê ons lewensreis, dit is hier waar die mense inpas met wie ons kontak het, met wie ons dalk selfs goeie verhoudinge sal he, maar wie nie werklik enige blywende impak op jou lewe maak nie. Vir my, is hulle bloot kennisse. Dan kry jy spesiale mense, ook in hierdie "dash" periode. Dis die individue wat deur hulle optrede, hulle opregtheid en hulle werklike belangstelling, 'n wesenlike verkil in jou lewe maak. Ek het in die laaste week een van die mense in my lewe verloor. Abrie Beukes was vir my 'n mens wat my lewe positief beinvloed het!

Ek het vir Abrie leer ken as 'n diep gelowige mens met 'n baie goeie waarnemingsvermoë, Abrie het nie net diep spore by Vleissentraal getrap nie, maar ook as een van my voorgangers, as President van die Miniatuurperd Telersgenootskap. Abrie was baie lief vir sy perde en ek het telkemale wanneer ek so gelukkig was om tyd saam met Abrie op die plaas tussen sy perde deur te bring, teruggekom met nuwe idees en gedagtes. Abrie het vir my Winston Churchill se gesegde, "There is something about the outside of a horse that is good for the inside of man" waar gemaak! Ek het elke keer weggestap na 'n kuier saam met Abrie tussen die perde met 'n kalmte en rustigheid van gees.

Abrie het my gechallenge om my vooropgestelde idees oor perdeteelt eenkant toe te skuif en met nuwe oë te kyk, om met 'n nuwe toekomsvisie daar weg te stap. Sy hart was groot en hier sit vandag 'n menige wat vir Abrie as vriend ervaar het, en daarvan getuig ek beslis. Hy het my bygestaan met dekkings van sy beste ingevoerde hings wanneer ek vasgebrand het en vandag loop daar perde op my werf wat danksy Abrie se vrygewigheid gebore is. Abrie het gegee sonder om terug te verwag.

Abrie was en is 'n inspirasie. Een van die tipe mense wat jy nooit wou teleurstel nie. Iemand na wie ek opgekyk en vertrou het. Abrie se gewilligheid om ander te help waar hy moontlik kon was altyd vir my opvallend. Abrie het respek afgedwing wanneer hy in 'n vertrek instap. Sy gesag het soos 'n mantel om hom gehang.

Voor die Here was hy nederig en afhanklik, maar terdeë bewus van sy eie onvolmaaktheid voor God. Hy het nie met sy geloof te koop geloop nie, maar in enige ernstige gesprek het sy totale afhanklikheid en gehoorsaamheid aan die Here God baie duidelik na vore getree.

Saterdag met die Miniatuurperd Veiling het ek nie geweet dat Abrie se aansoek om burgerreg goedgekeur was en dat hy op die punt van vertrek gestaan het na 'n lewe baie beter as wat die aarde hom ooit kon bied nie. Ons, die agtergeblewenes kan net sê, Abrie, ons weet jy is nou daar waar elke dag 'n fantastiese dag is, daar waar jy kan voortgaan met als wat so spesiaal aan jou was! 'n Diepe buig van dankbaarheid dat ons jou kon ken, jou as mens kon ervaar. Ons salueer jou en gaan jou baie mis!! My innige simpatie aan al die familie wat hierdie pad nou noodgedwonge aandurf sonder jou aan hulle sy! (Soos gelewer deur Coralezet Erasmus)

STAMBOEK HOOFBESTUUR VERANDERINGS.

Soos u moontlik bewus is, het Stamboek se Hoofbestuurder, Dr Pierre van Rooyen, reeds in Mei 2014 die amptelike Stamboek aftree-ouderdom van 65 bereik.
Die Raad kon egter, soos die Stamboek Grondwet en Personeelkode voorsiening maak, sy voortgesette dienste op 'n jaarlikse basis bekom.
Pierre het egter nou die Raad verwittig dat hy op 30 Junie vanjaar na byna 19 jaar as Hoofbestuurder, wil aftree.
Die Raad het dit na deeglike oorweging so aanvaar nadat ooreengekom is dat hy beskikbaar sal wees as Strategiese Raadgewer.

Ons maak ook dan nou bekend dat Dr Japie van der Westhuizen, tans Afdelingsbestuurder: Produksie Aantekening, vanaf 1 Julie 2017 aangestel is as Hoofbestuurder (waarnemend).
Dr Bobbie van der Westhuizen, senior genetikus, word dan gevolglik vanaf 1 Julie 2017 bevorder tot Afdelingsbestuurder: Produksie Aantekening (waarnemend).
Die Raad wil graag vir Pierre alles wat mooi is toewens vir hierdie nuwe fase van sy en Hermine se lewens en vir Japie sterkte toewens vir sy nuwe, verantwoordelike posisie.

SLUITING VAN AFDELING A VAN DIE HULPSTAMBOEK VIR HINGSTE.

U word daaraan herinner dat afdeling A van die Stamboek einde Junie 2017 sluit vir nuwe inskrywings van Hingste. Afdeling A bly onveranderd en oop vir die inskrywing van merries.

THE SA MINIATURE HORSES OF THE YEAR CURRENT STANDINGS.

Top 10

CHAMPION FILLY :	**1.**	**HART-E LILLI MARLENE**	**32**
	2.	**QTIPIE SIMPLY SPECTACULAR LADY AME**	**6**
CHAMPION COLT :	**1.**	**QTIPIE CLEVER KINDA BOY**	**16**
	2.	**ROOTS AND WINGS LUKINGUD**	**10**
JUNIOR MARE	**1.**	**MMC IMPRESSIVE SNOW QUEEN**	**26**
	2.	**LA PETITE DEAGO'S DELIGHT**	**6**
JUNIOR STALLION	**1.**	**MMC ZF RICO**	**10**
	2.	**MMC MB PAQUITA**	**8**
SENIOR MARE	**1.**	**HART-E ENDEAVOUR**	**21**
	2.	**HART-E HOT SHOT**	**18**
SENIOR STALLION	**1.**	**MMC I'VE BEEN SPOTTED**	**36**
	2.	**HART-E DEAGO**	**32**
GELDINGS	**1.**	**LA NONNIE DK ROBIN**	**10**
	2.	**STILGEWACHT GREY FLAMINGO**	**8**
	2.	**OUTENIQUA ROCKY'S FERRARI**	**8**
UTILITY HORSE	**1.**	**HART-E GULLIVER**	**12**
	2.	**ELMINIES SUPERSTAR**	**9**
BEST DRIVING HORSE	**1.**	**OUTENIQUA ROCKY'S FERRARI**	**29**
	2.	**OUTENIQUA FIREFLY**	**21**
MULTIPLE CARRIAGE	**1.**	**MARIALTA CHAMPAGNES BARCARDI & VYGEBOOM COCO**	**10**
BEST DRIVER	**1.**	**OUTENIQUA ROCKY'S FERRARI**	**10**
	2.	**OUTENIQUA FIREFLY**	**9**
	2.	**MMC CHARIOTS OF FIRE**	**9**
JUMPER OF THE YEAR	**1.**	**HART-E GULLIVER**	**24**
	2.	**PURE PERD MANI'S TOY 4 U**	**19**
	2.	**ELMINIES SUPERSTAR**	**19**

THE GAUTENG SHOWING CHAMPION STANDINGS.

Top 10

1.	HART-E ENDEAVOUR	78
2.	HART-E DEAGO	67
3.	OUTENIQUA ROCKY'S FERRARI	62
4.	HART-E GULLIVER	52
5.	OUTENIQUA FIREFLY	50
6.	ELMINIES SUPERSTAR	37
7.	VYGEBOOM DAISY	33
8.	OOSIE SILVER	32
9.	TIMIOS ZEVA	25
10.	OUTENIQUA JORDONS KALEIDESCOPE	24

THE SHOWING CHAMPION OF CHAMPION STANDINGS.(TOTAL)

1.	HART-E DEAGO	286
2.	HART-E ENDEAVOUR	74
3.	OUTENIQUA FIREFLY	53
4.	MMC COWBOYS LEGACY	50
5.	HART-E IZABELLA	43
6.	PURE PERD IBS DOT COM	41
7.	HART-E KAYLIA	38
8.	MMC IMPRESSIVE SNOW QUEEN	36
9.	MMC I'VE BEEN SPOTTED	36
10.	SUGARLANDS OPTIONS APLENTY	34
11.	OOSIE SILVER	32
12.	HART-E LILLI MARLENE	32

UPCOMING EVENTS.

Spring Show, Brits	25th & 26th August 2017 Gauteng Regional Championships.
Pretoria Show.	CANCELLED.
Pienaarsdam Show	8th & 9th September 2017
Show Meeting	3 November 2017 - Farm Inn Pretoria
AGM	4 November 2017 - Farm Inn Pretoria
Seminar Judges	8 November 2017
Seminar Breeders	9 November 2017
Multi Breed Show – Parys	10, 11 & 12 November 2017

NOMINASIE VIR TEELTOEKENING.

Laas jaar is n teeltoekenning ingestel om erkenning te gee aan n perd wat n besondere bydrae tot die ras gemaak het. Die raad vra vir nominasies van af lede, gestaaf deur n motivering, vir n perd wat n bydrae met betrekking tot teling aan die ras gemaak het. (Nominasies moet die kantoor bereik nie later as 29 September 2017.)

VEREISTES :

- Die perd moet geregistreer wees.
- Die toekenning word vir of ‘n Hings of ‘n Merrie op ‘n jaarlikse basis gedoen.
- Die perd moet ouer as 10 jaar wees.
- Die perd en / of sy nageslag, moet as teeldeer en /of as skoudier presteer het.
- Enige persoon wat ‘n lid is van die SA Miniatuurperd Genootskap is, kan ’n perd nomineer.
- ‘n Skriftelike motivering moet ontvang word om die nominasie te motiveer.
- Indien hierdie nominasie ingedien word deur ‘n ander persoon as die eienaar, moet die eienaar toestemming gee dat die perd genomineer mag word.
- Indien meer as een perd vir die spesifieke toekenning genomineer mag word, sal die onus op die Raad wees om die mees waardige wenner te identifiseer.
- 75% van die raadslede moet saamstem oor die perd wat die toekenning ontvang. Die Raadslede mag buite mense nomineer, maar nie meer as drie om oor die toekenning te help besluit.
- 'n Perd mag die toekenning nie meer as een keer in 10 jaar ontvang nie.
- ‘n Perd wat reeds dood is mag genomineer word.
- Indien die Raad besluit dat geen van die nominasies voldoen aan die voorwaardes nie, sal die toekenning nie gemaak word nie.
- Die nominasie moet volledig uiteengesit word met duidelike stipulasies van hoe die genomineerde perd en / of sy nageslag presteer het. Ook op watter velde hierdie prestasies plaasgevind het.
- Indien geen perd genomineer word nie, sal die toekenning nie gemaak word nie.
- Die wenner word jaarliks op die AJV aangekondig.
- Die besluit van die Raad sal finaal wees.

In Memorium: Roderick Vernon Ambler (16.06.1946 – 13.07 2017)

Our deepest sympathy and condolences to Margaret, Juanita and Rob on the passing of their husband and father after a short illness. Rod was always a willing and dependable contributor to the driving classes and obstacle courses of the Gauteng Miniature showing community. He will be sorely missed.

NEW SHOWING CLASS LIST AND RULES

At the 2016 Show meeting the Showing class list was altered. Please be sure to note the changes. Please note the rules have been consolidated into one document so the general rules, the rules for showing in hand, jumping rules, rules for obstacle classes and rules for driving are now in one document. There are some alterations so be sure to familiarise yourself with these rules.

Please find the new class list and new rules on the SAMHBS website, http://www.saminiaturehorse.co.za/

ANY COMPLAINTS? COMPLIMENTS? DO YOU WANT TO SHARE AN IDEA?

All complaints, ideas, and expressions of dissatisfaction or opinions or praise is welcome. The board does request that for them to be progressed they must be submitted in writing to Ronandé Wiese at ronande@studbook.co.za or our President Coralezet Erasmus. harteboerdery**@telkomsa.net**
Our society prides itself on the open door policy and culture of inclusion we have.